

## Draai vorentoe – draai na God toe

Jy verloor jou morele kompas, wanneer jy selfgesentreerd leef. Dit is aan die orde van die dag wanneer jy gedurig dink: “What’s in it for me?” Dan verander ander mense rondom jou in pionne, wat jy op jou eie skaakbord rondskuif om jouself te bevoordeel. Dan word God se rol in jou lewe aangepas tot die Een, wat jou eintlik net moet seën en voorspoedig maak. Dan dien jy die Here sodat ... sodat Hy dinge vir jou moet doen wat jyself nodig het. Dan dien jy die Here nie ten spyte van nie ... ten spyte van terugslae en moeilikhede in jou lewe.

Moenie vanjaar jou morele kompas verloor nie. Luister wanneer die Here aan jou deur kom klop. Hoor wanneer Hy jou in die taal van Deuteronomium 6 oproep om Hom heel eerste lief te hê en om Hom te dien met jou hele hart, jou hele siel en jou hele verstand. Keer dat jou lewe in hierdie nuwe jaar net om jouself begin draai. Draai betyds weg van hierdie doodlooppad. Draai vorentoe. Draai na die Here toe! Laat Sy Gees jou padaanwyser wees. Dan gaan jy in 2023 die Here se groen weivelde weer en weer ontdek.

deur Stephan Joubert

## Gemeente – Algemeen

- Dank GOD vir Radiokansel & al die ander radiostasies wat SY Naam groot maak
- Bid vir Vaalpark gemeente se werksaamhede en elkeen wat ook leiding neem in die gemeente
- Bid vir die eredienste; ons lidmate; Onbeperk en ons predikante

## Voorbidding vir lidmate

Lottie Conradie  
Marinda Jordaan  
Ria Putter  
Maria Steyn  
Sampie Swart  
Oom Eberhard Carshagen  
Annika Kilian  
Lilian van Zyl  
Louis Strauss  
Ina van der Merwe  
Jaco Steenkamp  
Oom Hannes Loots  
Heleen J v Vuuren  
Lola Viljoen  
Adolf Wolmarans  
Jeanette Mostert  
Stefaans du Plessis



DIE vrees van die HERE is die beginsel  
van die kennis; sotte verag wysheid en tug.  
Spreuke 1:7

Byvoorbeeld baie dankie vir jou dankoffer...  
ABSA Sasolburg; Tjek Rekening  
Rekno.: 0520580654  
Takkode: 632005

## Dank Gebede

- Dankie HERE vir elke nuwe dag wat U my skenk
- Dankie dat U, U **ENIGSTE SEUN** gestuur het om vir my aan die houtkruis te sterf
- Dankie HERE dat ek kan sit, opstaan, loop, lag, ruik, hoor, proe & omgee & dankie HERE dat U altyd saam met my die pad loop!
- Dankie my GOD vir elke gebed wat gebid word & vir elke gebed wat U verhoor. Dankie dat U ons hand nooit sal los nie.
- Dankie vir U **wondergroot genade...**
- HERE, ek het U lief! AMEN



WIE NEDERIG IS,  
DIEN DIE HERE  
EN ONTVANG RYKDOM,  
EER EN LEWE

SIPREUKE 22:4

## Gedagte vir die week

KENNIS BEGIN  
MET DIE DIEN  
VAN DIE HERE